

Saak no 23/87

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈL AFDELING)

In die saak van:

DANIEL PETRUS LUBBE

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM: GROSSKOPF, VIVIER, STEYN, ARR

VERHOOR: 21 November 1988

GELEWER: 7 Maart 1989

U I T S P R A A K

GROSSKOPF, JA

Die appellant, n 31-jarige Witman, is op 2 Mei 1985 in die Streekhof op Klerksdorp skuldig bevind op sewe aanklagte van bedrog, een van diefstal en een van oortreding van artikel 132 (c) van die Insolvensiewet, no. 24 van 1936. Hy is gevonniss tot termynne van gevangenisstraf wat in totaal 10 jaar beloop. Die verhoorhof het egter gelas dat die vonnis van 6 maande

gevangenisstraf vir die oortreding van die Insolvensiewet saamloop met die vonnisse op die eerste drie klagtes van bedrog. Van die oorblywende nege en n half jaar gevangenisstraf is vier en n half jaar voorwaardelik opgeskort vir vyf jaar. n Appèl na die Transvaalse Provinsiale Afdeling (ELOFF ARP en HARTZENBERG R) teen die appellant se skuldigbevindinge en vonnisse het misluk, maar met verlof van hierdie Hof kom hy nou in hoër beroep teen sy skuldigbevindinge op klagtes 6, 7, 8 en 9 en teen al die vonnisse op al die klagtes.

Ek behandel eers die klagtes ten opsigte waarvan daar geen appèl teen die skuldigbevindinge is nie. Klagtes 1, 2 en 3 was klagtes van bedrog, en het te doen gehad met die koop van beeste van n firma bekend as Premier Professional Auctioneers. Die relevante feite kan soos volg saamgevat word.

Klagte 1

Op 26 Maart 1981 het die appellant by n veiling wat deur die Premier Professional Auctioneers waargeneem is, 103 beeste vir R41 315,00 gekoop. Die koop was op krediet en die

appellant het n vooruitgedateerde tjek ter betaling van hierdie bedrag verstrek. Dit was n bepaling van die kooppooreenkoms dat eiendomsreg nie op die appellant sou oorgaan voordat hy die koopprys betaal het nie. Desnieteenstaande het hy op 2 April 1981, dit wil sê sewe dae na die aankoop en skaars vier dae nadat die beeste op sy plaas aangekom het, veertig van die beeste vir R16 000,00 kontant verkoop. Die appellant het nooit die koopprys aan die afslaaers betaal nie en sy boedel is op 25 Augustus 1981 finaal gesekwestreer. Die wanvoorstellings waarvoor die appellant in hierdie klag verkwalik word, en wat van sy gedrag afgelei was, was dat hy verwag het dat hy in staat sou wees om die koopprys van die beeste te betaal, en dat hy nie van voorneme was om die beeste te vervreem voordat die volle koopprys betaal was nie. Wat sy vermoë om te betaal betref, het die streeklanddros bevind, na n ontleding van die appellant se finansiële posisie en n oorweging van sekere ander getuienis, dat hy nooit gronde gehad het om te glo dat hy sy belofte om te betaal sou kon uitvoer nie, en dat hy in elk geval nie van plan

was om dit uit te voer nie. Hy was, so bevind die hof, besig met 'n bedrieglike skema waardeur hy beeste verkry het op krediet terwyl hy geweet het dat hy nie sou kon betaal nie, met die doel om hulle spoedig van die hand te sit om kontant in die hande te kry. Die streeklanddros het 'n vonnis van twee jaar gevangenisstraf vir hierdie oortreding opgelê.

Klagtes 2 en 3

Hierdie klagtes spruit uit twee verdere krediet-transaksies waarkragtens die appellant beeste op krediet van die Premier Professional Auctioneers gekoop het. Die eerste (klagte 2) was op 7 April 1981, toe hy 12 beeste teen R5 000,00 gekoop het. Die tweede (klagte 3) was op 14 April 1981, toe hy 87 beeste teen R41 270,00 gekoop het. Daar was geen voorbehoud van eiendomsreg by hierdie transaksies nie, en die appellant is skuldig bevind bloot op grond daarvan dat hy die kontrakte aangegaan het ter uitvoering van die bedrieglike skema wat onderliggend ook aan die eerste klag was. Die streeklanddros het dan ook by hierdie klagtes staatgemaak op wesenlik dieselfde

getuienis oor die appellant se vooruitsigte en voornemens as by klagte 1. Vonnis van onderskeidelik 6 maande en 2 jaar gevangenisstraf is opgelê.

Klagte 4

Hierdie klagte spruit voort uit die transaksies wat onderliggend is aan klagtes 1 tot 3. Die appellant is daarvan aangekla dat hy artikel 132 (c) gelees met artikel 132 (ii) van die Insolvensiewet, no. 24 van 1936, oortree het deurdat hy, synde h insolvent, voor sy sekwestrasie 180 beeste wat hy op krediet verkry het en waarvoor hy nog nie betaal het nie, op h ander wyse as h gewone besigheidswyse vervreem het. Dat die appellant h insolvent was, en dat hy voor sy sekwestrasie h wesentlike getal beeste (die presiese getal was nie duidelik nie) vir kontant verkoop het teen minder as wat hy op die beeste , geskuld het, was gemene saak. Inderdaad is hy skuldig bevind aan die verkoping van 72 beeste. Hierdie verkoping, so is bevind, het plaasgevind ooreenkomstig die bedrieglike skema wat reeds genoem is met betrekking tot die eerste drie klagtes, en

dus nie op 'n gewone besigheidswyse nie. 'n Vonnis van 6 maande gevangenisstraf is opgelê, wat gelas is om saam te loop met die vonnisse op klagtes 1, 2 en 3.

Klagte 5

Hierdie is 'n diefstalklagte. Op 27 Oktober 1980 het die appellant 'n Suzuki motorfiets van Supreme Motors & Engineering Works in Klerksdorp vir R1 496,06 gekoop. Hy het 'n deposito van R500,00 betaal, en daar was dus nog R996,06 verskuldig, betaalbaar op 27 Oktober 1981. Die balans is inderdaad nooit betaal nie. Dit was 'n bepaling van die ooreenkoms dat eiendomsreg voorbehou sou word totdat die volle koopprys betaal was. Op 18 Maart 1981 het die appellant 'n Honda motorfiets by 'n ander handelaar gekoop. Die prys van die Honda was R4 456,20, en die Suzuki (waarvan eiendom nog in Supreme Motors & Engineering gesetel het) is ingeruil vir R800,00 wat as 'n deposito op die Honda sou dien. Die appellant is gevolglik skuldig bevind aan diefstal van die Suzuki, en gevonnissen tot 3 maande gevangenisstraf.

Dit bring my dan by die klagtes ten opsigte waarvan die skuldigbevindinge aangeveg word, t.w. klagtes 6, 7, 8 en 9.

Hierdie klagtes spruit uit dieselfde stel feite, en dit sal gerieflik wees om eers 'n chronologiese oorsig van die gebeure te gee.

In Oktober 1979 het die appellant by die Departement van Landbou aansoek gedoen om 'n lening om produksiemiddele aan te koop. Die aansoek is geweier op 18 Oktober 1979. Die appellant het verhoë tot die Departement gerig, en op 29 Oktober 1979 is 'n lening van R21 900,00 goedgekeur. Die lening is beliggaam in 'n geskrewe kontrak, gedateer 1 November 1979. Die prosedure waarkragtens die lening uitbetaal sou word was dat die appellant die betrokke produksiemiddele by leweransiers sou koop en dat die prys dan deur die Departement aan die leweransiers betaal sou word. Op hierdie manier het die appellant R20 579,81 van die lening opgeneem. Hierdie bedrag was, ooreenkomstig die kontrak, op 31 Julie 1980 terugbetaalbaar. Die appellant het egter uitstel gevra, en op 4 September 1980 is aan hom

skriftelike uitstel verleen tot 31 Augustus 1981 of lewering van sy 1981 oes, wat ook al die vroegste sou wees. Op 15 Augustus 1980 het die appellant R1 000 op die lening afbetaal.

Op 22 Augustus 1980 het die appellant aansoek gedoen om 'n tweede lening van R40 000. Dit is toegestaan op 9 September 1980. 'n Geskrewe kontrak is weer geteken, hierdie keer op 16 September 1980. Die appellant het produkte ten bedrae van R37 956,62 gekoop wat uit hierdie lening betaal is. Van hierdie bedrag is R16 007,22 by wyse van oeslewering, op die manier wat ek later sal behandel, betaal. Dus, om op te som, die appellant het in totaal kredietfasiliteite van R85 536,01 van die Staat geniet waarvan hy R17 007,22 terugbetaal het. Hierdie berekening maak nie voorsiening vir rente-verpligtinge nie.

Die Staat se saak ten opsigte van klagtes 6 tot 9 het in 'n groot mate berus op die betoog dat hierdie leningskontrakte tot gevolg gehad het dat alle oeste wat die appellant in 1980 en 1981 gekweek het, die eiendom van die Staat geword het. Die verhoorlanddros het nie hierdie betoog aanvaar nie, maar het

nogtans die appellant skuldig bevind op 'n alternatiewe grondslag waarmee ek later handel. Die Provinsiale Afdeling het egter die Staat gelyk gegee. Dit is gepas dat ek terstond my mening oor hierdie twisvraag verstrek.

Dit is duidelik uit die leningskontrakte dat hulle aangegaan is kragtens die Wet op Landboukrediet, no. 28 van 1966, en, in besonder, artikel 38 daarvan. Insoverre ter sake, lui hierdie artikel soos volg:

"(1) Wanneer daar ingevolge hierdie Wet 'n voorwaarde gestel word dat die eiendomsreg op roerende goed op die Staat oorgedra moet word as sekuriteit of gedeeltelike sekuriteit vir -

(a) bystand aan 'n persoon verleen; of

(b) enige bedrag ingevolge hierdie Wet op 'n persoon verhaalbaar,

gaan die Minister en daardie persoon 'n ooreenkoms aan waarby bedoelde eiendomsreg aldus oorgedra word.

(2) Sodra so 'n ooreenkoms aangegaan is, word die roerende goed waarop dit betrekking het, ondanks andersluidende wetsbepalings of bepalinge van die gemene reg, die eiendom van die Staat."

Dit is duidelik uit die omskrywing van "roerende goed" in artikel 1 van die Wet dat dit oeste, of dit al geoes is of nie, insluit. Uit die bepalinge van die Wet is dit dus duidelik

dat die partye 'n regsgeldige ooreenkoms kon aangegaan het waarkragtens die appellant se toekomstige oeste, hetsy hulle geoes was al dan nie, die eiendom van die Staat sou word as sekuriteit vir die lenings. Die vraag is dan, eerstens, of hulle dit gedoen het.

Die twee leningskontrakte is albei in dieselfde gedrukte vorm waarop die besonderhede van elke transaksie ingevul is. Geriefshalwe verwys ek net na bewysstuk O, die kontrak van 16 September 1980, aangesien die 1979 kontrak in geen relevante opsig hiervan verskil nie.

Die inleidende woorde van die kontrak dui aan dat dit kragtens artikel 38 van die Wet aangegaan word. Die aanhef lui dan soos volg:

"Nademaal bystand ten bedrae van R40 000 ooreenkomstig artikel 10 van die Wet aan die skuldenaar verleen is en hierby deur hom aanvaar word vir die aankoop van die volgende roerende goed (hieronder 'die goed' genoem):"

Dan word die betrokke produksiemiddele (synde saad, kunsmis, brandstof en smeermiddele) uiteengesit.

Hierna volg die voorwaardes van die ooreenkoms, waarvan die volgende van belang is:

- "B (a) Die eiendomsreg op die goed berus by die staat as sekuriteit vir enige bedrag plus rente kragtens die Wet deur die Departement op die Skuldenaar verhaalbaar.
- (b) Alle oeste moet deur die skuldenaar aan die Koöperasie(s) of handelaar(s) in die aansoekvorm genoem, gelewer word met die opdrag dat die bedrae deur die skuldenaar aan die Staat verskuldig of 'n gedeelte daarvan soos deur die Departement goedgekeur deur die gesegde Koöperasie(s) of handelaar(s) van die opbrengs van die oeste afgetrek en aan hierdie Departement oorbetaal word. (Die Departement sal die Koöperasie(s) of handelaar(s) van die betrokke bedrag in kennis stel.)"

Die kontrak sluit soos volg af:

"SO IS DIT DAT die Skuldenaar voormelde voorwaardes aanvaar en hy hierby die eiendomsreg op die goed asook die eiendomsreg op enige ander roerende goed wat ingevolge 'n voorwaarde van hierdie Ooreenkoms as bykomende sekuriteit moet dien, soos verder omskryf in artikel 1 van die Wet (kyk keersy), oordra op die Staat as sekuriteit vir enige bedrag plus rente en koste kragtens die Wet op hom verhaalbaar en dat die Staat hierby sodanige eiendomsreg aanvaar."

Die woorde "(kyk keersy)" in hierdie passasie verwys na die omskrywing van "roerende goed" in die Wet wat op die keersy gedruk is. Ek haal dit later aan, insoverre ter sake.

Waar hierdie laaste passasie ter uitvoering van voorwaarde B(a) bepaal dat die "eiendomsreg op die goed" op die Staat oorgedra word, verwys dit myns insiens na die produksiemiddele wat ingevolge die ooreenkoms aangekoop sou word.

Uit die aanhef van die ooreenkoms, wat ek hierbo aangehaal het, is dit duidelik dat dit "die goed" is waarvan gepraat word. Die Provinsiale Afdeling het egter gemeen dat die verpligting om oeste aan h bepaalde ko-operasie te lewer ingevolge voorwaarde B(b) h vorm van sekuriteit oor die oeste daargestel het, en dat die oeste dus beskryf kan word as "ander roerende goed wat ingevolge h voorwaarde van hierdie Ooreenkoms as bykomende sekuriteit moet dien". Dit was wesenlik op hierdie basis dat die Provinsiale Afdeling bevind het dat eiendomsreg in die appellant se oeste op die Staat oorgegaan het. Ek kan ongelukkig nie hiermee saamstem nie. Myns insiens beliggaam voorwaarde B(b) niks meer as h kontraktuele verpligting op die appellant om sy oeste op h bepaalde manier te lewer nie. Daar is niks in die bewoording van die voorwaarde of in enige ander deel van die

kontrak om aan te dui dat die oeste as bykomende sekuriteit vir die appellant se verpligtinge ingevolge die leningsooreenkoms sou dien nie. Die saak moet dus benader word op die basis dat die enigste goed waarvan eiendomsreg deur uitdruklike bepaling van die kontrakte op die Staat oorgegaan het, die produksiemiddele was wat ingevolge die kontrakte aangekoop sou word.

Dit is egter nog nie die einde van die saak nie. Die verdere vraag is of die Wet self voorsiening maak vir die oordrag van eiendomsreg in die oeste. By eerste oogopslag lyk dit dat die antwoord ontkennend moet wees. Artikel 38(1) maak voorsiening vir ooreenkomste waarkragtens eiendomsreg in roerende goed op die Staat oorgedra kan word as sekuriteit vir bystand verleen. Artikel 38(2) bepaal dan dat, sodra 'so 'n ooreenkoms aangegaan is, die "roerende goed waarop dit betrekking het", die eiendom van die Staat word. Dit wil dus prima facie voorkom dat, waar die ooreenkoms slegs met die eiendomsreg op produksiemiddele te doen het, geen ander roerende goed op die Staat sou oorgaan nie. Ek meen egter dat artikel 38(2), saamgelees met

die omskrywing van "roerende goed" in artikel 1, tot 'n ander resultaat lei. Volgens hierdie omskrywing word ook die volgende ingesluit by die begrip "roerende goed":

"... gewasse, gesaaides of vrugte, hetsy dit geoes is al dan nie, en met betrekking tot roerende goed wat uit hoofde van h in artikel 38 bedoelde ooreenkoms die eiendom van die Staat is, ook -

- (a) roerende goed wat bedoelde roerende goed uit hoofde van h in artikel 39 bedoelde voorwaarde of voorskrif vervang of aanvul;
- (b) in die geval van roerende goed wat uit lewende hawe bestaan, die aandeel daarvan en enige produk wat uit sodanige lewende hawe of aandeel verkry word;
- (c) in die geval van roerende goed wat bestaan uit gewasse, gesaaides of vrugte, hetsy dit geoes is al dan nie, of enigiets wat by die kweek van gewasse, gesaaides of vrugte gebruik word, alle gewasse, gesaaides of vrugte, hetsy dit geoes is al dan nie, wat nadat bedoelde ooreenkoms aangegaan is, deur die persoon wat dit aangegaan het, gekweek word."

Art. 39, waarna verwys word in paragraaf (a), bepaal onder meer dat die Minister voorwaardelik afstand mag doen van die Staat se regte op goed wat ingevolge art. 38 die eiendom van die Staat geword het.

Ek wil graag sekere aspekte van die omskrywing van

"roerende goed" beklemtoon. Eerstens: daar word 'n spesiale betekenis aan "roerende goed" gegee waar dit uit hoofde van 'n in artikel 38 bedoelde ooreenkoms die eiendom van die Staat is. Tweedens: die doel van die omskrywing in hierdie opsig is om die trefwydte van die uitdrukking "roerende goed" te verbreed. So, byv., sluit dit vervangende of aanvullende goed in (para a), of die aandeel van lewende hawe, en die produkte van lewende hawe of hul aandeel (para b).

Laasgenoemde aspek blyk ook uit paragraaf (c).

Paragraaf (c) gee uitgebreide betekenisse aan twee kategorieë roerende goed. Die eerste is roerende goed wat bestaan uit gewasse, gesaaides of vrugte. Hierdie uitgebreide betekenis is nie direk ter sake in die onderhawige geval nie. Ons het hier met ooreenkomste te doen wat oor produksiemiddele handel, en dit is die omvang van daardie begrip wat ter sake is. Die tweede kategorie waarvoor paragraaf (c) voorsiening maak is egter juis "enigiets wat by die kweek van gewasse, gesaaides of vrugte gebruik word". En by hierdie kategorie roerende goed (soos by

die eerste kategorie) word ingesluit "alle gewasse, gesaaides of vrugte, hetsy dit geoes is al dan nie, wat nadat bedoelde ooreenkoms aangegaan is, deur die persoon wat dit aangegaan het, gekweek word".

Dit is nodig om nou die drade bymekaar te bring. Art. 38(2) bepaal dat die "roerende goed", waarop 'n ooreenkoms kragtens sub-artikel 1 betrekking het, die eiendom van die Staat word. "Roerende goed" dra egter die uitgebreide betekenis wat deur artikel 1 daaraan geheg word, en sluit dus nie alleen die produksiemiddele in waaroor daar uitdruklik ooreengekom is nie, maar ook "alle gewasse, gesaaides of vrugte ... wat nadat bedoelde ooreenkoms aangegaan is, deur die persoon wat dit aangegaan het, gekweek word". Die gevolg is dus dat waar die partye 'n ooreenkoms aangaan waarkragtens eiendomsreg in produksiemiddele op die Staat oorgaan, die Wet in effek bepaal dat eiendomsreg in toekomstige oeste ook oorgedra word. Die rede hiervoor lê natuurlik voor die hand - eiendomsreg in die produksiemiddele verskaf geen noemenswaardige sekuriteit vir die

lening nie, aangesien hulle bestem is om in die voortbring van oeste verteer te word. Dit is dus verstaanbaar dat die eiendomsreg, wat die Staat se sekuriteit daarstel, oorgedra word op die geldlener se oeste. Ongelukkig het die wetgewer 'n ingewikkelde en omslagtige manier gekies om hierdie eenvoudige resultaat te bereik, maar die betekenis van die Wet is myns insiens duidelik. Ek stem dus saam met die Provinsiale Afdeling dat die appellant se oeste die eiendom van die Staat geword het, hoewel om verskillende redes.

Dit is gelukkig duidelik uit die getuienis dat die ingewikkeldheid van die Wet die appellant in hierdie geval in geen opsig benadeel het nie - hy was ten volle bewus dat die oeste wat hy gekweek het die eiendom van die Staat was. Reeds in sy aansoeke om lenings het hy verklaar:

"Ek is bewus van die feit dat genoemde produksiemiddele die EIENDOM VAN DIE STAAT sal wees en nie sonder die Minister of sy gevolmagdigde se skriftelike toestemming verkoop, verpand of vervreem mag word of tot tyd en wyl skriftelik van die Staat se eiendomsreg afstand gedoen is nie; en dat ek verder bewus is van die feit dat waar die produksiemiddele gebruik word vir die kweek van gewasse of vrugte, die eiendomsreg op alle

toekomstige gewasse of vrugte, hetsy dit geoes is al dan nie, wat deur my gekweek word, eweneens by die Staat berus."

En die brief waarkragtens hy uitstel verleen is vir terugbetaling van die eerste lening het hom ook herinner dat "alle oeste wat u verbou die eiendom van die Staat is" totdat die lening terugbetaal word. Daarbenewens het hy by 'n ondervraging tydens 'n vergadering van skuldeisers van sy insolvente boedel onomwonde erken dat hy bewus was dat eiendomsreg van die oeste in die Staat gesetel het. Sy pogings om in getuienis by die verhoor hiervan weg te skram is tereg, myns insiens, deur die verhoorlanddros verwerp.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die verdere feite beoordeel moet word. Op 4 Maart 1981 het die appellant 'n ooreenkoms aangegaan met L T R Beleggings (Edms) Bpk waarvolgens hy aan hulle 'n "sessie" van sy oeste gegee het ter versekering van bestaande skuld asook ter versekering van 'n nuwe skuld van R11 000 of R12 000 vir die aankoop van kunsmis. Die sessie het soos volg gelui, insoverre dit ter sake is:

"Die Sedent sedeer hiermee wat die Sessionaris in sessie aanneem, ongeveer 200 MORG (TWEEHONDERD) mielies van die plaas bekend as LOT 45 op die volgende terme en voorwaardes:-

1. Die Sedent sal die mielies afoes en lewer op sy eie koste aan die Sessionaris by Suid-westelike Transvaalse Landbou Koöperasie, Schweizer Reneke.
2. Hierdie Sessie sal outomaties verval indien die Sedent die mielies soos in paragraaf 1 gelewer het tot 'n bedrag van R20 000-00 (TWINTIGDUISEND RAND) vir krediet van die Sessionaris.
3. Die Sedent sal alle redelike voorsorg tref dat die betrokke miellielande in 'n goeie skoon toestand gehou word.
4. Indien die Sedent nie die mielies lewer soos uiteengesit in klousule 1 hiervan nie, sal die Sessionaris geregtig wees om die mielies self af te oes en self te lewer by die Suid-westelike Transvaalse Landbou Koöperasie vir krediet van die Sessionaris, maar op die koste van die Sedent.
5. Die Sedent erken hiermee dat die mielies wat hiermee aan die Sessionaris gesedeer word geensins aan 'n ander party gesedeer of verpand is nie."

Inderwaarheid het die appellant nooit enige afbetaling aan L T R gemaak nie, en het hy die betrokke mielies onder sy vader se naam gelewer by die ko-operasie vir sy eie rekening.

Hierdie sessie vorm die onderwerp van klagte 6. In

hierdie klagte word die appellant onder meer ten laste gelê dat hy 'n voorstelling gemaak het dat hy die wettige eienaar sou wees van die mielie-oes wat op lot 45 opgelewer sou word, terwyl hy geweet het dat dit die Staat se eiendom sou wees. Onder die omstandighede wat ek hierbo uiteengesit het meen ek dat die Staat waarskynlik hierdie voorstelling bewys het, maar minstens het die appellant te kenne gegee dat hy 'n beskikkingsreg oor die mielies sou hê. Aangesien die mielies tot die appellant se kennis die Staat se eiendom sou word, en die appellant geen reg sou hê om daaroor te beskik nie, was sy voorstelling bewustelik onwaar. Alle ander elemente van bedrog is bewys, en myns insiens was die appellant tereg op hierdie aanklag skuldig bevind.

Ek mag in die verbygaan byvoeg dat ek ook saamstem met die verhoorlanddros se bevinding dat die Staat in elk geval bewys het dat die appellant nooit die voorneme gehad het om mielies ten bedrae van R20 000 van die betrokke oes tot die krediet van L T R Beleggings te lewer nie.

Dit bring my dan by klagtes 7 tot 9. Daar sal onthou

word dat die appellant kragtens die leningsooreenkomste met die Staat verplig was om die oeste wat hy gekweek het te lewer aan "die Koöperasie(s) of handelaar(s) in die aansoekvorm genoem". Die enigste ko-operasie of handelaar wat in die aansoekvorm genoem was, was die Suid-westelike Transvaalse Landbou Ko-operasie Beperk ("Suidwes"). Die doel van hierdie bepaling was dat die ko-operasie die opbrengs aan die Staat sou oorbetaal. Inderdaad het die appellant, met die opset om die Staat se regte te omseil, 'n deel van die oes onder sy eie naam gelewer aan die Noordwestelike Landboumaatskappy Beperk ("Noordwes") te Migdol en die opbrengs vir homself gehou (klagte 7). Dan het hy 'n deel van die oes aan Suidwes te Hallatshoop onder sy vrou se naam gelewer (klagte 8). Die opbrengs hiervan het hy ook vir homself toegeëien. Verdere oeste het hy onder sy vader se naam ingelewer, weer eens vir sy eie voordeel (klagte 9). Klaarblyklik was dit 'n skema om die Staat uit die opbrengs van die oeste te bedrieg, hoewel die betrokke ko-operasies natuurlik ook benadeel was deurdat hulle betaal het vir mielies wat die Staat van hulle met

h vindicatio kon opeis. Deur mielies onder hierdie omstandighede aan die ko-operasies te lewer het die appellant minstens te kenne gegee dat hy h beskikkingsreg oor die mielies aan die ko-operasies kon oordra in ruil vir betaling van die koopprys aan hom, sy vrou of sy vader, na gelang van die geval.

Hy het geweet dat hierdie voorstelling onwaar was, deurdat die mielies die eiendom van die Staat was, en was myns insiens tereg aan bedrog skuldig bevind op hierdie klagtes.

Weens hierdie gevolgtrekking is dit streng gesproke onnodig om h mening uit te spreek oor die juistheid van die basis waarop die verhoorlanddros die appellant skuldig bevind het, maar ek sou nogtans graag h paar woorde daaromtrent sê. Daar sal onthou word dat die landdros bevind het dat die eiendomsreg in die oeste nie op die Staat oorgegaan het nie, maar dat die appellant nogtans aan bedrog skuldig was. Die basis hiervoor was dat die appellant kragtens voorwaarde B(b), kontraktueel verplig was om die oeste aan Suidwes te lewer. Deur dit elders te lewer, of in die name van ander persone te lewer, het hy (so

is bevind) n voorstelling gemaak dat hy geregtig was om dit so te lewer. Hierdie voorstelling was volgens die landdros se bevinding, vals en bedrieglik, en die maak van die voorstelling het die Staat benadeel deurdat die opbrengs nie aan die Staat oorbetaal is soos beoog in die kontrakte nie. Die landdros se beredenering in hierdie verband is deur die Provinsiale Afdeling goedgekeur. Ek het egter bedenkinge oor die juistheid daarvan. As eiendomsreg in die oeste nog in die appellant gesetel het, het hy bloot n kontraktuele verpligting gehad om sy oeste op n bepaalde manier aan te wend. As hy dit op n ander manier aanwend (byv. deur dit aan n ander ko-operasie of onder n ander naam te lewer) pleeg hy kontrakbreuk. Sou dit egter bedrog daarstel? Kan n mens sê dat n eienaar van goed wat dit verkoop en lewer daardeur te kenne gee dat hy geen kontraktuele verpligtinge teenoor ander persone het om op n ander wyse met die goed te handel nie? Ek kan my moeilik voorstel dat dit die geval kan wees. Die koper in so n geval sou tog nie n belang hê by die verkoper se persoonlike verbintenisse nie. Wat hom.

betref betaal hy die prys in ruil vir 'n onbetwisbare beskikkingsreg oor die goed (trouens, in die geval wat ons hier veronderstel, vir die eiendomsreg oor die goed) en, indien die verkoper hierdeur kontrakbreuk teenoor 'n derde gepleeg het, sou dit nie die koper se vermoënsposisie enigsins raak nie. Waar hy geen belang by die verkoper se kontraktuele verpligtinge het nie, is dit moeilik om in te sien dat die verkoper 'n stilswyende voorstelling hieroor aan hom maak bloot deur die verkoop en lewering van die goed. Hierdie aspek is egter nie in enige van die drie howe waarin die saak gedien het, geargumenteer nie, en ek kon geen Suid-Afrikaanse gesag vind wat direk ter sake is nie. In Engeland is daar gewysdes wat moontlik die beskouinge van die landdros en die Provinsiale Afdeling steun. Sien Reg v Charles 1977 AC 177 en Reg v Lambie 1982 AC 449. Ek moet egter met respek beken dat ek geneig is om met die kritiek op hierdie beslissings deur prof. Glanville Williams in sy Textbook of Criminal Law, 2 e uitgawe bly 778-780 saam te stem. Hoe dit ook al sy, dit is gelukkig nie nodig om 'n finale mening hieroor uit

te spreek nie.

Die landdros se beredenering (soos goedgekeur deur die hof a quo) is egter wel op die volgende basis voor ons aangeval. Die appellant het betoog dat die uitdrukking "alle oeste" in voorwaarde B(b) gelees moet word om te beteken "alle oeste wat gelewer is deur produksiemiddele wat deur middel van die lening gekoop is". Die appellant se getuienis was dan ook dat alle oeste wat met die Staat se produksiemiddele gekweek is, behoorlik aan Suidwes gelewer is. Die oeste wat aan Noordwes gelewer is, asook die oeste wat op sy vrou en vader se name gelewer is, was, volgens hom, gekweek met produksiemiddele wat hy uit sy eie sak bekom het. Volgens sy betoog het hy dus nie teenstrydig met voorwaarde B(b) opgetree nie, en val die basis van die landdros se beredenering weg.

Aangesien ek bevind het dat eiendomsreg in al die betrokke oeste in die Staat gesetel het, is hierdie betoog nie meer van enige belang nie. Selfs al was daar geen kontraktuele verpligting op die appellant om die oeste op 'n bepaalde wyse te

lewer nie, was sy optrede in die onderhawige saak klaarblyklik bedoel om die instansies aan wie hy gelewer het onder die bedrieglike wanindruk te bring dat die appellant geregtig was om oor die oeste te beskik vir sy eie rekening. Die vertolking van "alle oeste" het egter 'n belangrike deel van die argument gevorm, en volledigheidshalwe behandel ek dit. Die enigste argument wat voorgedra is ten gunste van hierdie vertolking van "alle oeste" was dat 'n letterlike uitleg onredelik sou wees. So, byvoorbeeld, as 'n boer op twee plekke boer (sê nou maar in Transvaal en die Wes-Kaap) kan daar skaars van hom verwag word om die oeste van albei boerderye aan 'n ko-operasie soos Suidwes in Wes-Transvaal te lewer. Hierdie argument kan nie opgaan nie. Die enigste kontrakte wat ons moet vertolk is dié tussen die appellant en die Staat. Inderdaad het die appellant slegs in die Wes-Transvaal geboer, en daar is geen praktiese moeilikheid om die woorde "alle oeste" in hul gewone betekenis uit te lê nie. Waar 'n boer se omstandighede anders is, sal die kontrak tussen hom en die Staat vermoedelik ook anders wees. En, afgesien van

die gewone betekenis van die woorde, sou die Staat skaars kon bedoel het dat die geldlener se verpligtinge sou afhang van hoe en waar en vir watter oeste hy die betrokke produksiemiddele gebruik - iets waaroor die Staat geen beheer het nie, en ten opsigte waarvan hy grootliks of uitsluitlik op die woord van die geldlener sou moes staatmaak.

Weens die voorgaande meen ek dat al die skuldigbevindinge in orde was. Dit bring my dan by die vonnis.

Mnr. Grobbelaar, wat namens die appellant opgetree het, het betoog dat daar sekere faktore is wat die landdros nie behoorlik in ag geneem het nie. Die appellant, sê hy, het in Maart en April 1981 reeds baie skuld gehad, onder meer as gevolg van die droogte, en is toe in die versoeking geplaas deurdat Premier Professional Auctioneers te maklik krediet aan hom verskaf het. Hierdie faktor, so word betoog, werk versagtend in.

Dit is duidelik dat die appellant wel baie skuld op daardie stadium moes gehad het, hoewel dit nie met enige sekerheid blyk dat dit deur die droogte veroorsaak is nie. Dit

is egter nie korrek dat die appellant in versoeking geplaas is deur maklike kredietverskaffing nie. Toe hy Premier Professional Auctioneers genader het om krediet, het hy reeds die opset gehad om hulle te bedrieg. Weliswaar sou hy nie die opset kon uitgevoer het as hulle krediet geweier het nie, maar aan sy morele verwytbaarheid maak dit myns insiens geen verskil nie. Dit kom nie juis vir my versagtend voor dat 'n bedrieër se slagoffer miskien te liggelowig was nie.

Dan is daar beklemtoon dat die appellant in wese 'n eerste oortreder was, maar dit is ten volle deur die verhoorhof in ag geneem.

Wat klagtes 7 tot 9 betref, is daar betoog dat die vertolking van die Wet en die ooreenkoms moeilik was. Dit kan ek ex post facto aanvaar, maar ten tye van die gebeure het alle partye klaarblyklik beskou dat al die oeste aan die Staat behoort en by Suidwes gelewer moes word. Die appellant se bedrog was juis daarop ingestel om hierdie omstandighede te negeer, tot sy eie voordeel en tot nadeel van Noordwes, Suidwes en die Staat.

As eiendomsreg inderdaad nie op die Staat oorgegaan het nie, sou die appellant moontlik, tegnies gesproke, onskuldig aan bedrog gewees het, maar dit sou nie aan sy morele verwytbearheid afgedoen het nie. Dit is nie asof hy opgetree het met 'n eerlike maar verkeerde opvatting dat sy optrede regmatig was nie, of selfs met 'n eerlike twyfel oor die regmatigheid daarvan nie.

Ten slotte het Mnr. Grobbelaar die landdros gekritiseer omdat die landdros telkemale verwys het na die omvang van die bedrog. So het die landdros gesê dat hier "groot bedrae geld" betrokke was; dat een van die klaers "groot bedrae geld verloor het" en dat die bedrae hier betrokke in geheel "n massiewe bedrag" was. Inderdaad, is betoog, was die totale bedrag maar 'n skamele R150 000 of so. Dit is duidelik dat die landdros bewus was van die presiese bedrae wat in die saak betrokke was - trouens hy het hulle versigtig en akkuraat in sy uitspraak uiteengesit. Dat die bedrae groot was, veral met inagneming van die waarde van geld in 1971, kan skaars betwyfel word. Of die totaal so groot was dat 'n mens dit as "massief" kan beskryf is

h kwessie van smaak of styl - ek sou nie graag daaroor kommentaar wou lewer nie. Ek kan egter fout vind nóg met die landdros se stelling dat die bedrae groot of baie groot was, nóg met die feit dat hy hierdie faktor in aanmerking geneem het by vonnisoplegging.

Kortom: myns insiens het die landdros alle relevante aangeleenthede behoorlik in ag geneem, en is die vonnis wat hy opgelê het, h behoorlike een. Daar is dus geen gronde waarop hierdie hof daaraan kan verander nie.

Die appèl word afgewys.

E M GROSSKOPF, AR

VIVIER, AR)
STEYN, AR) Stem saam